## Lesing 3: Die Saad van Jou Gedagtes

*"... En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome..." Psalm 1:3*

### Die Saaiwerk van Geloof en die Oes van Vrees

Daar is 'n geestelike wet wat niemand kan ontvlug nie: Geloof bring altyd resultate en vrees ook. Die een plant lewe; die ander plant dood.

Psalm 1 beskryf die mens wat nie wandel in die raad van goddeloses nie, maar wat sy vreugde in die wet (beginsels) van die Here vind:

*"Hy is soos 'n boom geplant by waterstrome wat sy vrug gee op sy tyd."*

Hierteenoor leef ons in 'n wêreld waar die media ons daagliks voed met geweld, immoraliteit, misdaad en hopeloosheid. Negatiewe nuus word ons daaglikse dieet, en onbewustelik begin ons die lewe deur 'n donker bril sien. Vrees word 'n natuurlike reaksie. En soos Job waarsku:

*"As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe." Job 3:25*

Job se krisis het nie by sy omstandighede begin nie, maar in sy gedagtes. Wat hy gevrees, gedink en waarskynlik hardop gesê het, het uiteindelik sy werklikheid geword.

### Nie net Dink nie – Doen is Belangrik

Maar let wel: Positiewe denke alleen is nie genoeg nie. Jesus sê:

*"... But God will bless all who **LISTEN** to the word of God and carefully **OBEY** everything they hear." Luk. 11:27–28, tPt.*

Ons is geroep om daders van die Woord te wees, nie net hoorders nie. Baie mense is geleer dat alles wat met hulle gebeur *"maar God se wil"* is. Hulle aanvaar pyn as noodlot en lyding as onvermydelik. Maar die waarheid is meer kompleks:

- Sommige dinge is die gevolg van verkeerde keuses,
- Sommige is aanvalle van die vyand,
- En ja, daar is dinge wat uit God se hand voortkom.

Romeine 8:29–30 vanuit The Message Vertaling wys dat God 'n doelgerigte plan het; nie 'n chaotiese noodlot nie.

Die ongemaklike plek waar jy jouself bevind, is nie altyd God se wil nie. Dikwels is dit die vrug van jou denke of jou besluite. Maar die wonder is: Jou omstandighede kan verander.

**PERSOONLIKE NOTAS**

*"Die ware geluk kry 'n mens by iemand wat nie na die ongelowiges (hoe die wêreld jou wil voorskryf) se raad luister nie; en ook nie die sondaars se voorbeeld volg of maats maak met die wat vir God verwerp nie. Hy geniet die dinge wat die Here van Hom verwag en dink gedurig daaroor – dag en nag. Hy is soos 'n vrugteboom by 'n waterstroom wat elke jaar sy vrugte dra en sy blare nooit verloor nie. So iemand maak 'n sukses van alles wat hy aanpak." Psalm 1:1-3, LB.*

"Life is a matter of choices, and every choice you make makes you."
– John Maxwell

*"God knew what He was doing from the very beginning. He decided from the outset to shape the lives of those who love him along the same lines as the life of his Son. The Son stands first in the line of humanity he restored. We see the original and intended shape of our lives there in him. After God made that decision of what his children should be like, he followed it up by calling people by name. After he called them by name, he set them on a solid basis with himself. And then, after getting them established, he stayed with them to the end, gloriously completing what he had begun."*

**Waarom Mis Ons God se Doel?**

Ons mis God se doel, want ons ken dit nie. Maar Sy bedoeling was van die begin af duidelik:

*"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis en laat hulle heers..." Gen. 1:26*

Beeld en gelykenis beteken: Die vermoë om te heers volgens God se karakter en Sy natuur. As weergebore Christen leef jy nie meer vanuit jou eie krag nie, maar vanuit die dinamika van die inwonende Christus.

*"…Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so." Joh. 5:19*

In God is alles reeds afgehandel. Die dag toe jy weergebore is, is Sy natuur in jou geplant.

*"Waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur…" 2 Pet. 1:4*

Jy is nie meer wie jy was nie. Jy is biologies anders in jou gees. Herinner jouself daagliks aan hierdie waarheid!

**Die Strik van Selfregverdiging**

Waarom leef ons dan nie as oorwinnaars nie? Omdat ons nie weet hoe om waarlik te *fellowship* met Christus nie. Ons keer eerder terug na die bekende, ou patrone of tradisies: Verkeerde vriende, bitterheid, kritiek, rasisme, negatiewe denke, selfs teenoor onsself.

Nog 'n groot slagyster is hierdie leuen:

*"Aanvaar my soos ek is." "Ek is so gebore of grootgemaak."*

Baie mense se vrese, beperkings en komplekse is reeds in hul kinderjare geplant. Die volwassene leef bloot voort van die vrug van daardie saad.

**Die Saad van Woorde – Rika en Ruan**

Neem die voorbeeld van Rika. 'n Ma wat uit onkunde sê:

*"Rika is maar 'n skaam kind."*

Daardie woorde word 'n saadjie. Jare later leef Rika ask 'n terugge-trokke mens, nie omdat sy so gebore is nie, maar omdat sy so geleer was om te dink.

Kyk na Ruan. *"Ons het nie geld nie."*

**PERSOONLIKE NOTAS**

*"Truly, truly, I say to you, he who believes in Me, the works that I do, he will do also; and greater works than these he will do; because I go to the Father." Joh. 4:12, NASB.*

Dit is bewys: Die meeste mense wat as mislukkings deur die lewe gaan, het die *"mislukinstink"* as kinders in hulle gedagtes ontvang.

PERSOONLIKE NOTAS

"If you think well of others, you will also speak well of others and to others, from the abundance of the heart the mouth speaks. If your heart is full of love, you will speak of love." – Mother Teresa

*"Jy moet jou broodkorsies eet… eendag gaan jy honger ly."*

Vrees word geplant. Armoededenke word gevestig. Hy word bang om risiko's te neem. Bang om te probeer. Bang om te misluk.

Saad dra altyd vrug na sy aard. Negatiewe woorde plant negatiewe lewens. Positiewe woorde bou geloof.

**Die Balans van Opvoeding**

Dit beteken nie kinders moet sonder dissipline groot gemaak word nie.

*"My seun, volg altyd jou pa en ma se raad. Want die dinge wat hulle jou geleer het, is soos 'n lamp wat in die donker skyn; die dissipline van hulle opvoeding kan jou by die ware lewe bring." Spr. 6:20, 23, LB.*

Maar dissipline moet gebou wees op **liefde sonder vrees.** Om 'n kind bang te maak vir armoede en mislukking is om hom weerloos vir die lewe te laat. Die vrees vir mislukking hou talle mense in 'n knelgreep vas.

**Die Oplossing: Saai Nuwe Saad**

Ouers en opvoedkundigeleiers moet sukses-saadjies plant:

- *"Jy kan dit doen."*
- *"Jy is bekwaam."*
- *"Jy is 'n wenner."*

Wanneer 'n kind homself begin sien soos jy hom sien, begin hy leef volgens daardie beeld.

Die slotbeginsel is eenvoudig:

- Dink vrees – praat vrees – leef vrees.
- Dink die Woord – praat die Woord – leef in oorwinning.

*"Her mouth speaks from that which fills her heart." Luk. 6:45*

**Opsomming**

Lesing Drie leer dat jou gedagtes soos saad is wat die rigting van jou lewe bepaal; geloof bring lewe en oorwinning, terwyl vrees altyd beperking en verlies voortbring. Wat jy hoor, sien en sê, vorm jou innerlike wêreld en word uiteindelik jou werklikheid. Baie van mense se struikelblokke begin in hul denke, dikwels reeds in die kinderjare, waar woorde soos saad geplant word wat later vrese, onsekerheid en beperkings voortbring. Die sleutel tot verandering lê daarin om nie net reg te dink nie, maar om die Woord te hoor, te doen en toe te laat dat God se waarheid jou hart en gedagtes hervorm sodat jy in Sy wil en oorwinning kan leef.

**Besprekingsvrae**

1. Wat leer Psalm 1:1–3 oor die mens wat reg dink?

2. Waarom bring die media dikwels vrees?

3. Waar het Job se probleme begin?

4. Is positiewe denke alleen genoeg?

5. Is alles wat met mense gebeur God se wil?

6. Wat is God se oorspronklike doel met die mens?

7. Wat beteken dit dat jy *"biologies anders"* is ná weergeboorte?

8. Hoe beïnvloed woorde kinders se identiteit?

9. Wat is die gevaar van vrees-denke?

10. Wat is die sleutel tot 'n lewe van oorwinning?

**Besprekings Antwoorde**

1. Hy dra vrug en floreer soos ‘n boom wat geplant is by waterstrome.

2. Omdat hulle fokus op negatiewe en sensasionele nuus.

3. In sy gedagtes en vrese (Job 3:25).

4. Nee, ons moet daders van die Woord wees (Luk. 11:27–28; Jak. 1:21-22).

5. Nee, sommige dinge kom van eie keuses, ander van die vyand en sommige van God.

6. Om te heers volgens God se karakter en Sy natuur. As weergebore Christen leef jy nie meer vanuit jou eie krag nie, maar vanuit die dinamika van die inwonende Christus. (Gen. 1:26-27; Gal. 2:20; Fil. 4:13).

7. Jy ontvang God se natuur as kosbare geskenk na jou weergeboorte (2 Pet. 1:4).

8. Woorde word sade wat hul gedagtepatrone en lewens rig.

9. Dit skep ‘n lewe van beperkings en selftwyfel.

10. Om die Woord te dink, die Woord te praat en die Woord te leef (Psalm 1:2; 119:1-2; 1 Pet. 4:11; 2 Kor. 10:5).